

**Vrydag 19 Junie**

**Skrifgedeelte: Handeling 9:1-19**

**Fokusgedeelte: Handeling 9:15**

**Jesus se liefde vestig sy kerk, sy liefde maak jou 'n werktuig om sy Naam te dra**

**H**oe aktueel is die liefde van Christus in jou lewe? Glo jy dat sy liefde en sy Gees jou kan vernuwe? Jou diensbaar wil maak in sy Koninkryk?

Die gelese gedeelte vertel die bekende verhaal van Paulus wat oppad was na Damaskus, terwyl hy besig was om die Christene te vervolg. Paulus was 'n gebore Jood, bygesê, hy was 'n Fariseër en hy het net een opinie oor Jesus Christus gehad. Jesus was vir hom 'n bedrieër. Volgens sy verstaan kon Jesus nie die Christus wees nie. Jesus het dan nie die Jode van die Romeinse oorheersing verlos en weer die koninkryk van Dawid opgerig nie. Om nog verder te gaan: Jesus het vervloek aan die kruis gesterf.

Daar was nog altyd mense soos Paulus wat teen die kerk van die Here opgestaan het en daar sal altyd sulke mense wees. Dan is mens geneig om mismoedig te raak oor jou geloof en die kerk wat altyd aangeval word. Selfs die Here se dissipel Ananias was besorg oor die besluit om Paulus te help.

Hoe gereeld bekommer jy jouself oor die groei van die gemeente? Hoeveel keer betrap jy jouself dat jy wonder oor die lidmate se deelname in die kerk? Hulle kerklike bydraes? Asof die kerk nie onderhou sal word nie?

Die liefde van Christus het Paulus se hele lewe verander. Die liefde van Christus het 'n hardkoppige, arrogante man bekeer en sodoende sy evangelie verkondig en sy kerk laat groei. Christus Self onderhou sy kerk, deur sy Woord en Gees sal Hy altyd sy kerk regeer. Deur sy liefde stel Hy ons in staat om instrumente in sy Koninkryk te wees.

Glo jy dat sy Gees steeds sy kerk vestig? Glo jy dat sy Gees jou verander tot opbouing van sy Koninkryk?

*Sing: Psalm 150-1:1*

*Ds. EJ Vogt (Ernest) (Vaalwater)*